



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2014

**AFRIKAANS HUISTAAL V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: RUBRIEK EN SPOTPRENT****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Hy is voor die demokratiese verkiesing in hegtenis geneem.	(2)
1.2	Dis 'n bynaam/noemnaam./Dis nie sy regte naam nie.	(1)
1.3	Hy is nog jonk./ Tydperk van volle krag.	(1)
1.4	20 jaar	(1)
1.5	Sy doodvonnis is na 40 jaar tronkstraf omgeskakel en toe verder verminder na 18 jaar.	(2)
1.6	'n Spoggerige/luukse hotel.	(1)
1.7	Feit. Linden het die dodelike inspuiting gekry.	(2)
1.8	Dit skrik dwelms-handelaars/dwelmsmuile af./ Hulle moenie die oortreding herhaal nie./ 'n Sinvolle antwoord is aanvaarbaar.	(1)
1.9	Suid-Afrikaners word gereeld met dwelms in hul besit betrap.	(1)

1.10	Die dwelmmuile ontglip die polisie./ Meer dwelmmuile ontglip die polisie.	(1)
1.11	Kontant / geld	(1)
1.12	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle kom uit 'n arm huis. • Tussen 20 en 45 jaar oud. • Gewoonlik enkel ma's. • Kom uit kwaZulu-Natal en die Oos-Kaap. 	(4)
1.13	Hulle hou van die nagklubs/naglewe./ Universiteitstudiante en is soms armoedig/boemelaars.	(2)
1.14	Die vroue wat instem, word óf maklik 'n rat voor die oë gedraai óf hulle is erg gulsig.	(2)
1.15	Die dwelmbase bel die polisie om die aandag af te lei van die dwelmmuil met baie dwelms.	(1)
1.16	Hulle sal hul straf moet uitdien./ Die Suid-Afrikaanse regering gaan nie binnekort sy beleid verander nie.	(1)
1.17	Dwelms word maklik in SA ingebring.	(2)
1.18	Kandidaat se keuse en motivering moet geassesseer word.	(2)
1.19	Twee gepaste/relevante antwoorde word aanvaar.	(2)
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eië sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word **nie geassesseer nie.** Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in **vol sinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir **HT:**
 - o 7 punte vir 7 feite
 - o 3 punte vir taal
 - o Penaliseer soos volg:
 - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer.**
 - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie geenaliseer nie.**
- Verspreiding van punte vir taal:
 - 1–3 antwoorde reg kry 1 punt.
 - 4–5 antwoorde reg kry 2 punte.
 - 6–7 antwoorde reg kry 3 punte.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Antwoord: soek die volgende feite. Dit **MOET** in paragraafvorm aangebring word.

- Dit het 'n 5" skerm wat helder en duidelik is.
- Dit het hoëgehalte-luidsprekers.
- Die kamera is nie te versmaai nie.
- Hy het 'n lang batterylewe./ Die battery hou sowat 25 uur.
- Die prioriteitspilkpunt vir boodskappe is 'n nuttige eienskap.
- Een van die nadele is die relatief minder toepassings.
- Dit is ook effens swaarder as ander slimfone.

(62 woorde)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: ADVERTENSIE****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
 - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en puntuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskrif word, aanvaar.

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Groter / ander lettertipe / swart	(1)
3.2	Goud is duur./ Dit word altyd aan gehalte verbind.	(1)
3.3	hoër (spelling moet reg wees)	(1)
3.4	milligram (spelling moet reg wees)	(1)
3.5	Hoë dosisse chondroïtien help die liggaam om gewrigskade, verswakte mobiliteit, inflammasie en pyn hok te slaan.	(1)
3.6	Jy sal vind dat OsteoEze Gold verbasend bekostigbaar is; alhoewel chondroïtien tot agt keer duurder as glukosamiene is.	(1)
3.7	Byvoeglike naamwoord	(1)
3.8	Sonder	(1)
3.9	Per	(1)
3.10	Jy	(1)
		[10]

VRAAG 4: STROKIES

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Verbasing	(1)
4.2	Hy het 'n vorige keer ook iets by hom gehad./ Hy het altyd iets by hom.	(1)
4.3	... wat die tegnieke verduidelik (in die trant)	(1)
4.4	Herhaling/repetisie (spelling moet reg wees)	(1)
4.5	Gravis (spelling moet reg wees)	(1)
4.6	Woorde ontbreek omdat sy so meegevoer word.	(1)
4.7	Sport (spelling moet reg wees)	(1)
4.8	Hy is dus glad nie bereikbaar nie. ('n Gepaste bywoord is 'n vereiste.)	(1)
4.9	Definitief/beslis/sekerlik (spelling moet reg wees)	(1)
4.10	Gerard het gesê hy het nie geweet hulle weet iets van rugby af nie./ Gerard het gesê dat hy nie geweet het hulle weet iets van rugby af nie.	(1)
		[10]

VRAAG 5: RUBRIEK

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Dit het nie betekenis nie.	(1)
5.2	Beperk / keer / stop	(1)
5.3	Longkanker en ander chroniese asemhalingsiektes kan deur die rook van tabak veroorsaak word.	(1)
5.4	Wêreld- gesond- organisasie	(1)
5.5	Aankope	(1)
5.6	Kritikus	(1)
5.7	Die kind ly honger.	(1)

5.8	Groeiende	(1)
5.9	Verbod	(1)
5.10	Vergelyking	(1)
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70